Charl van Rooyen cvanrooy@landbou.com

# Droëbone: Kleinste aanplantings sedert 1990

Die produksie en prys van droëbone was die afgelope paar jaar baie wisselvallig in Suid-Afrika. Mnr. Chris Kleingeld, hoofbestuurder van die Droëboonprodusente-organisasie, meen vanjaar sal dit beter gaan wat marktoestande betref, maar boere het na verwagting baie minder van dié gewas geplant.



Om die posisie van die Suid-Afrikaanse droëboonprodusent beter te verstaan, is dit belangrik om veral vier aspekte in oënskou te neem, sê mnr. Chris Kleingeld, hoofbestuurder van die Droëboneprodusente-organisasie (DPO).

Hierdie aspekte is die volgende:

- Plaaslik geproduseerde voorrade het sedert 2009 stadig verkoop, maar 'n oplewing in die binnelandse mark sedert September verlede jaar het tot gevolg gehad dat die binnelandse voorraad uitverkoop is.
- Groot wit nierbone het teen 'n gemiddelde prys van R11 335 per ton verhandel, wat 4,8% laer as in 2010 is (R11 918 per ton).
- Rooi gespikkelde bone is vir gemiddeld R6 478 per ton verkoop. Dit is 7,7% hoër as in 2010 (R6 016 per ton).
- Tweedegraadse rooi gespikkelde bone het teen 'n gemiddelde prys van R7 240 per ton verhandel, gemiddeld 7% hoër as in 2010 (R6 766 per ton).

Ondanks beter pryse was die winsgewendheid van droëbone die afgelope twee jaar onder kwaai druk weens lae opbrengste as gevolg van die klimaat. Die omset per hektaar het jaar op jaar met 9% gedaal.

Om die druk op produsentevlak te begryp, moet in ag geneem word dat die omset per hektaar sedert 2009 met 31% afgeneem het. Die geweldige afname in omset, met produksiekoste wat steeds styg, is die grootste faktor wat plaaslike produksie strem.

**Droëboonproduksie lewer 'n groot bydrae tot werkskepping, maar die winsgewendheid van die gewas moet verbeter sodat meer boere dit wil plant.**

Vir vanjaar se bemarkingseisoen was die voorneme om te plant bykans 50% laer as in 2006 (60 000 ha in 2006 teenoor 34 750 ha vanjaar). Dit is ook die minste hektare onder droëbone sedert 1990. As die klimaat sodanig is dat die opbrengs gelyk aan die langtermyngemiddelde is, behoort die binnelandse produksie in terme van tonnemaat egter effens hoër as verlede jaar te wees (41 984 ton verlede jaar teenoor 43 660 ton vanjaar).

Internasionaal was die prys van droëbone laag met betrekking tot ander grane. Hierdie laer pryse het droëboonproduksie internasionaal onder druk geplaas en boere het oorwegend ander grane geproduseer. Die frustrasies van die Suid-Afrikaanse boer is dus nie uniek nie, want aanplantings het oral afgeneem.

**Ondanks beter pryse was die winsgewendheid van droëbone die afgelope twee jaar onder druk.**

Kleiner aanplantings internasionaal, asook weerskade in Noord-Amerika en China, het tot gevolg dat wêreldvoorrade tans baie laag is. Dié lae voorraadvlakke veroorsaak dat die droëboonprys internasionaal gestyg het tot vlakke bokant $1 000 per ton. Die styging het veroorsaak dat die pryse plaaslik ook baie gestyg het.

Ondanks die swak vraag na plaaslike droëbone weens invoer uit China in die afgelope jaar, het die vraag skielik in September gestyg en plaaslike voorrade is uitverkoop.

Kleingeld sê die groot vraag is hoe dit die Suid-Afrikaanse boer raak. Hy noem vyf feite wat in aanmerking geneem moet word:



**Mnr. Chris Kleingeld, hoofbestuurder van die Droëboneprodusente-organisasie.**

- Voorraadvlakke is internasionaal laag en die dollarprys is hoog.
- Invoer uit China veroorsaak wisselvallige produksie, wat meebring dat produsente die bedryf verlaat. Sedert 2006 het 240 produsente opgehou om droëbone te plant.

**Internasionale voorraadvlakke is laag en die verwagting is dat invoer tot Oktober vanjaar teen laer as normale vlakke gaan bly.**

- Plaaslik was die voorneme om te plant laag. Selfs in normale produksietoestande kan plaaslike produksie na verwagting vanjaar net 43 660 ton beloop. Dit is net genoeg om in 45% van die plaaslike verbruik te voorsien.
- Droëboonpryse was gedurende Desember verlede jaar ongeveer 46% hoër as in April verlede jaar, wat die prys in ooreenstemming met ander grane bring.
- Internasionale voorraadvlakke is laag en die verwagting is dat invoer tot Oktober vanjaar teen laer as normale vlakke gaan bly. Invoer bly op lang termyn steeds 'n bedreiging vir plaaslike produksie.

Dit is ook belangrik dat droëbone se winsgewendheid moet styg tot vlakke waar dit volhoubaar vir plaaslike boere sal wees om die gewas aan te plant, sê Kleingeld. Dit is veral belangrik omdat die droëboonbedryf 'n belangrike bydrae tot werkskepping lewer.

Volgens aanduidings is plaaslike produsente in 'n goeie posisie wat bemarking vir vanjaar se bemarkingseisoen betref, op voorwaarde dat die onderliggende ekonomie die styging in voedselpryse kan stut. LB